



Carel & Annetjie le Roux

Liewe Familie en Vriende,

Ons gaan Madagaskar toe!!!

Soos Jakobus ons leer, moet ons altyd sê: “as die Here wil”. Jak 4:13-17.

Ons kaartjies is gekoop en alles val baie mooi in plek. Daar is natuurlik baie uitdagings met so ‘n sending-reis. Ons noem dit onder die gebedsversoeke hieronder.

Die fokus vir ons besoek:

- Om vir Leon en Camin Davids te gaan wys hoe dit daar lyk en hulle aan ons medewerkers daar voor te stel. Ons sal net 5 plekke kan besoek.
- Om vir Leon en Camin aan pastoor Jonoro en die Toliara Bybelskool voor te stel.
- Om saam met pastoor Jonoro ‘n “nuwe werk” in Vohipeno in die ooste van die eiland te begin.
- Om die sendelinge te bemoedig.

23 Mei vertrek ons via Addis Ababa na Antananarivo. Ons bly daar net ‘n dag oor by **Matilda Ntukela** (sy is ‘n sendeling van Suid Afrika).

26 Mei vertrek ons na Mahajanga waar ons by **Roland en Nicky** gaan bly. (Nicky is van Uitenhage en is getroud met Roand Rakotorandrazana en hulle het ‘n tweeling dogters). Ons hoop om ook weer vir Liva en Nomena by Teen Missions te sien en vir Fidy, ons medewerker toe ons daar gewoon het.

Daarna gaan ons terug na Antananarivo met die taxi. Dit sal Camin se eerste taxi-rit wees, maar die landskap is so mooi. Ek is seker sy sal dit oorleef en hopelik ook geniet.

31 Mei vlieg ons na Toliara om by **pastoor Jonoro** aan te sluit. Hy het vir my en Leon gevra om elk 5 lesse by die Toliara Bybelskool aan te bied. Ons sal ook ‘n doopdiens kan bywoon en die voorreg hê om Pinkster in die gemeente van Andakoro (pastoor se tuis-gemeente) by te woon. Ons is gevra om die Pinkster-boodskap te bring.

10 Junie vertrek ons na Vohipeno vir 3 dae, maar die reis daarheen en terug is 4 dae. Dit kan nogal ‘n uitdaging wees. Pastoor Jonoro het gevra dat ons na Vohipeno gaan om ‘n nuwe werk daar te begin. Een van ons vorige dissipels en sy gesin is reeds ‘n paar jaar daar werksaam en fokus op Moslems. Ons glo Leon sal daar ‘n baie waardevolle bydrae kan maak om die gelowiges te bemagtig vir die groot uitdaging wat Moslem-evangelisasie bied.

Daarna gaan Pastoor Jonoro terug Toliara toe en ons gaan via Antananarivo na Nosy Be.

18 Junie vlieg ons na Nosy Be. **Rosina**, die leier van AIM in Madagaskar ontmoet ons daar. Ek sien baie uit daarna om vir Leon en Camin aan die eerste geslag Sakalava-gelowiges daar bekend te stel. Rosina het ons genooi om Sondag die 19de Junie, die kerkdiens op haar voorstoep in die village, by te woon en middag ete saam daarna.

Daarna sal ons die eilandjie bietjie verken en ontspan terwyl ons wag vir die volgende vlug huis toe. Ons hoop om die 24ste Junie terug te wees in die Kaap.

‘n Paar vinnige feite:

- **Leon en Carmen Davids**

Hulle wil graag voltyds gaan, maar wag nog vir Riley, hul pleegkind, se aanneming om gefinaliseer te word. Daar is reeds goeie vordering gemaak.

- **Toliara Bybelskool**

Die 6-maande opleidingsprogram loop ten einde op 10 Junie wanneer die studente gradueer. Laat ons volhard in gebed vir die studente dat hulle die kursus suksesvol kan voltooi en wel die nodige kennis en vaardighede sal kry wat nodig is om hulle doelwitte te bereik. Sommige van hulle wil graag nuwe kerkies plant in onbereikte gebiede. Soos hierbo genoem sal ons as die Here wil daar wees vir die laaste week en gradeplegtigheid.

Hier volg die gebedsversoeke. Volgende keer sal ek baie foto's stuur om die storie van ons uitreik te vertel.

Bid asseblief:

- Dat ons nie Covid sal kry nie en die toetse negatief sal wees. Ons moet hier getoets word voor ons vertrek en weer as ons in Antananarivo aankom.
- Dat ons nêrens probleme sal optel nie en dat ons bagasie veilig by elke bestemming sal aankom.
- Dat die brandstof-probleem wat daar tans op OR Tambo lughawe is, opgelos sal wees teen die tyd dat ons vlieg.
- Vir ons gesondheid. Ons imuunsisteem is nie aangepas vir al die vreemde kosse en klimaat en onstandighede daar nie. Ook dat ons nie malaria sal kry nie.
- Vir verhoudinge met ons medewerkers, nuwe kontakte en spesifiek dat ons tot seën sal wees vir die mense waar ons tuisgaan. Ons het reeds die name hierbo genoem: Matilda, Nicky en Roland, Liva en Nomena, Fidy en Dine, pastoor Jonoro en Hanitra, Thadee en Haja, en Rosina.
- Vir die 5 plekke wat ons gaan besoek is Antananarivo, Mahajanga, Toliara, Vohipeno en Nosy Be.
- Vir ons veiligheid oral waar ons gaan. Taxi ritte is baie gevaarlik. Sonder ons Vader se beskerming sal ons verlore wees.
- Dat Leon en Camin verblyf-moontlikhede en skool opsies vir Riley sal sien.

Baie dankie vir elkeen wat meeleeft, bid en bydra tot hierdie opwindende werk wat die Here deur pastoor Jonoro doen met die ondersteuning van individue, en gemeentes soos Tzaneen en Gordonsbaai.

Groete en seënbede.

Carel en Annetjie



Leon en Camin Davids